

17

UITREIK NA ARMES Gee sonder om iets te verwag

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet leer om ander mense uit liefde en dankbaarheid te help.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- weet wat goeie daade is.
- kan onderskei tussen selfsugtige en onselfsugtige daade.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om God te dien deur ander mense te help.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om hulp te verleen.

MEER INLIGTING (Matteus 6: 1-4)

Die Here wil hê dat ons ander mense in hul nood moet help, maar sonder *bybedoelings* en sonder om *skynheilig* te wees. Dit beteken ons moenie mense help net om deur ander raakgesien te word of om iets terug te verwag nie. Dit gaan nie daaroor of hulle vir ons *dankie* sê of iets goed terug doen nie. Ons moet mense in nood help omdat die Here dit van ons verwag – dit is 'n opdrag. Die dinge wat *skynheiliges* doen, is dalk goeie dinge, maar hul bedoeling is verkeerd. Hulle wonder watter voordeel hulle daaruit sal kry. Dit is nie *help* nie – dit is om *vergoed te word* vir jou dienste.

Dit is veral belangrik hoe ons harte en gesindheid lyk wanneer ons goed doen en ander help. Ons moet mense in nood help met 'n liefdevolle hart omdat ons dankbaar is vir alles wat God

vir ons doen. Ons bedoeling met hulpverlening aan hulpbehoewendes moet wees om ons egte liefde vir mense te bewys. Die Here het gesê dat ons ander moet liefhê soos Hy ons liefhet. Hulle moet beleef dat die Here deur ons na hulle toe uitreik. Kinders van die Here vra nooit **of hulle iemand moet help** nie – ons moet alle mense in nood help. Kinders van die Here vra eerder **hoe hulle iemand kan help**.

Wanneer ons goeie dinge vir ander mense doen, doen ons dit in die eerste plek om God te eer. Op dié manier sê ons vir Hom dankie vir sy liefde en goedheid. Wanneer ons dit so doen, sal dié mense ook vir die Here dankie sê omdat Hy ander mense gebruik om hulle in hul nood te help.

Jesus sê dat ons een hand nie moet weet wat die ander hand doen nie. Hy bedoel daarmee dat ons met opregte motiewe moet goed doen. Dit is maklik om met gemengde motiewe te gee. Dit is wanneer jy iets vir iemand anders gee net omdat jy weet dat hulle iets vir jou gaan teruggee of verwag dat hulle iets vir jou moet teruggee. Ons moet ook nie gesien wil word as ons iets goed aan iemand anders doen nie. Sonder beloning en sonder om raakgesien te word, moet ons goeie dade verrig. Ons noem dit onselfsugtige diens.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Bevestig jou reëling met die predikant en die kategesehoof dat al die kinders in die gemeente 'n item soos niebederfbare kos, klere, skoene, speelgoed, toiletware, ensovoorts, van die huis af saambring wanneer hierdie les behandel word.
- Houers wat duidelik gemerk is vir die niebederfbare kos, klere, skoene, speelgoed en toiletware wat die kinders van die huis af saambring.
- 'n Kamera.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 541 (verkort) as gebed.

*Ons bring aan U, Heer Jesus, ons lof en dank en eer.
Ons wil U met ons lewe, terwyl ons jonk is, eer.*

*Ons wil U dien, Heer Jesus, met ywer en met krag.
Help ons om as u kinders, te doen wat U verwag.*

*Ons wil U volg, Heer Jesus, soos wat u Woord ons leer.
Leer ons gehoorsaam lewe, om U al meer te eer.*

*Beheer ons hart en lewe, o Here, deur u Gees.
Laat al ons doen en late vir U 'n vreugde wees.*

HET HULLE ONTHOU?

- Vind by die kinders uit of hul gesin 'n besluit geneem het oor hoe hulle in die toekoms televisieprogramme gaan beoordeel en daarna gaan kyk. Laat 'n paar van die kinders vertel wat hul besluit was.

- Laat die kinders Galasiërs 5: 25 mondeling voltooi: *Ons lewe deur die Gees; daarom*
 (moet die Gees ook ons leefstyl bepaal.)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Reël vooraf met die kategeesehoof 'n tyd wanneer en wyse waarop die items wat die kinders saamgebring het, ingesamel kan word. Jou klas se kinders kan byvoorbeeld voordat die klas begin by elke klas die items gaan insamel.
- Plaas die houers met die items voor in die klas.

IETS INTERESSANT

- Lees Matteus 6: 1-4 hardop in die klas voor.
- Gebruik MEER INLIGTING hierbo en verduidelik wat die verskil is tussen selfsugtig gee en onselfsugtig gee.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- Om ander mense te help sodat jy iets daaruit kan terugkry, is geen hulp nie.
 - Dit is selfsugtig.
 - Dit is om vir jou dienste vergoed te word.
- Onselfsugtige hulp is om iemand sonder enige eis of voorwaarde te help.
- Hulpverlening moet –
 - met 'n liefdevolle hart verrig word.
 - uit dankbaarheid verrig word.
- Kinders van die Here moet alle mense liefhê en help omdat dit 'n opdrag van die Here is.

Kinders hou daarvan om iets te kry, maar die groot vreugde lê eintlik daarin om onselfsugtig te “gee”. Dit is heerlik om vir iemand iets te gee – dit laat 'n mens se hart sommer warm klop.

IETS OM TE DOEN

- Laat die kinders die items sorteer soos op die houers aangedui.
- Oorhandig die items aan die persoon wat dit kom afhaal.
- Neem self en laat die kinders foto's neem wanneer die items oorhandig word.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders gedurende die week wat voorlê vir elkeen in hul gesin of vir 'n vriend iets goed doen sonder om iets terug te verwag.

- Laat die kinders wat foto's geneem het dit vir hul gesin en maats gaan wys en vertel wat by die klas gebeur het.
- Hulle kan prente in hul boek plak van die items wat hulle gebring het om behoeftige mense te help.

Leer

Laat hulle Matteus 6: 1 gaan memoriseer: *Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie.*

AFSLUITING

Laat een van die kinders afsluit met gebed.